*Dinsdag* **18 Februarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 103**
**Fokusgedeelte: Psalm 103:8-13 (AFR2020)**
**Lofsingend ... lewenslank! (oor die lewende Here)!**

Die digterstaal van Dawid se Psalm 103 dra spreekwoordelik loodswaar aan lofwoorde. Daar is immers so baie redes waarom ’n mens die Here kan en moet loof. Psalmtaal as die taal van Dawid se hart en gemoed. Dawid en elke kind van die Here is met verwondering vervul. Loof singend die Here, want:

*“Die Here is vol liefde en lankmoedig.*
*Hy is in sy geregtigheid oorvloedig ...”*

Inderdaad, vers 8 vat die gesindheid van die Here in ’n enkele sin saam. Vier “gesindhede” wat inderwaarheid werklikhede is! En sou ’n mens twee gesindhede kon uitsonder, moontlik dan barmhartigheid en liefde. En tog te besef dat daar so baie redes is om God te loof. Voluit barmhartig, wat beteken Hy twis nie meer oor sonde nie! Inteendeel, Hy vergewe sondes so volkome dat dit nooit weer teen ’n mens sal tel nie, want Hy bly nie vir altyd kwaad nie! Sy liefde is groot – so groot soos die afstand tussen hemel en aarde én die onmeetbare afstand tussen die ooste aan die een kant en die weste aan die ander kant! Hy is eindeloos groot. Loof Hom. Die onpeilbare grootheid en omvang van God se liefde en lankmoedigheid en barmhartigheid en geduld is afgestem op die vergifnis van sonde. Dankbaar en lofsingend op die pad van die lewe.

As mens op aarde, kan ons met verwondering sê:

*“God wil ek loof met alles wat in my is,*
*ek wil Hom prys omdat Hy goed is vir my ...”* (Ps. 103-2:1)

Die lewende God, wat op grond van sy liefde, ontferming, barmhartigheid en geduld, Jesus Christus na die aarde stuur om te ly en te sterwe. Om in die liefde en ontferming die hartklop van die Vader op te vang en die woorde van Johannes 3:16 ook my lofwoord te maak: So lief het die lewende Here ook vir my, dat Hy Sy seun gegee het sodat ék kan lewe.

Loof die Here!

*Sing: Psalm 103-1:5*

*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*